147 Bram Fischer Weg
FERNDALE
2194

Posbus 1673
SUNNINGHILL
2157

Tel: 011 781 1730
Faks: 011 781 1731
Epos: salomonp@nemai.co.za

Ons Verwysing: 10315/Let78

07 Desember 2010

**Vir Aandag: Belanghebbende en Geaffekteerde Party**

**Ls.: Kennisgewing van Omgewingsgoedkeuring – Mokolo en Krokodilrivier (Wes) Wateraanvullingsprojek (MKWAP): Verhoog die toevoer vanuit Mokolodam (DEA Verwysingsnommer 12/12/20/1465)**

Hierdie dien as kennisgewing dat 'n Omgewingsgoedkeuring, onderworpe aan kondisies, uitgereik is deur die Departement van Omgewingsake (DEA) vir die bogenoemde projek op **03 Desember 2010**. Die goedkeuring is uitgereik in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsakebestuur (Wet Nr. 107 van 1998), na afhang van die uitvoering van 'n Omvangsbepaling en Omgewingsimpakbepaling (OIB) Proses (in gevolge Goewermentkennisgewing Nr. 385) vir die volgende gelyste aktiwiteite:

- Nr. 386: 1 (k), (l), (m), 4, 7, 12, 15, 20, en
- Nr. 387: 1(n) en 2.

'n Kopie van die Omgewingsgoedkeuring kan verkry word vanaf Nemai Consulting (kontak besonderhede hieronder) op versoek, of op die Departement van Waterwese se webblad onder die volgende skakel: http://www.dwa.gov.za/Projects/MCWAP/documents.aspx.

Partye wat hierdie goedkeuring formeel wil appelleer moet 'n kennisgewing van bedoeling om te appelleer aan die Minister binne **twintig (20) dae** vanaf die datum van die besluit stuur, deur een van die volgende metodes:

Per faks: 012 320 7561; of
Per pos: Departement van Omgewingsake
Privaatsak X447
Pretoria
0001, of
Per hand: Fedsure Forum Gebou,
2nd Vloer Noord Toring
Hoek Van der Walt en Pretorius Strate
Pretoria

'n Kopie van die offisiële appelleer vorm kan verkry word by DEA vanaf:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Mr T Zwane** | **Senior Regs Administrateur (Appèlle)** | **Tel: 012 310 3929** | **TZwane@environment.gov.za** |

Belanghebbende en Geaffekteerde Partye wat formeel wil appelleer moet die volgende prosedure, in gevolge Hoofstuk 7 van OIB Regulasies, 2010, volg soos aangedui onderaan hierdie brief.

Die Appellant moet binne tien (10) dae van die inhandiging van die kennisgewing van bedoeling om te appelleer ‘n afskrif van die kennisgewing aan die applikant oorhandig sowel as ‘n kennisgewing wat aandui waar en vir watter tydperk die appèlvoorlegging beskikbaar sal wees vir ondersoek deur die applikant.

’n Kopie van die bogenoemde kennisgewings moet ook oorhandig word aan:

Nemai Consulting C.C.
Vir Aandag: Mr. Salomon Pienaar
Per Hand: 147 Bram Fischer Weg, Ferndale, 2194
Per Pos: Posbus 1673, Sunninghill, 2157
Faks: (011) 781 1731
e-pos: salomonp@nemai.co.za

Die goedgekeurde aktiwiteite mag nie begin binne dertig (30) dae van die goedkeuringsdatum (**03 Desember 2010**) nie. ‘n Appèl onder artikel 43 van die Wet op Nasionale Omgewingsakebestuur (Wet Nr. 107 van 1998) (soos gewysig) lei nie tot die opskorting van ‘n omgewingsgoedkeuring of vrystelling, of enige bepalings of kondisies daaraan verbonde, of enige direksie nie, behalwe as die Minister, LUR of gedelegeerde staatsorgaan anders beveel.

*Neem kennis: ’n Appèl teen ’n besluit moet ingedien word by die Departement van Omgewingsake, wie dit dan sal indien by die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling.*

Die kennisgewing van bedoeling om te appelleer moet nie later as Dinsdag, **11 Januarie 2011** ingedien word nie. Die appèl moet nie later as 30 dae (Donderdag, **10 Februarie 2011**) na die kennisgewing van bedoeling om te appelleer ingedien is, ingedien word nie.

Kontak ons gerus vir enige navrae.

Byvoorbaat dank
**Salomon Pienaar**



Nemai Consulting C.C.

**APPÈL PROSEDURE IN GEVOLGE HOOFSTUK 7 VAN DIE WET OP NASIONALE OMGEWINGSAKEBESTUUR, OIB REGULASIES, 2010 SOOS AANGEDUI IN GOEWERMENTKENNISGEWING R.543 VAN 2010, VAN TOEPASSING OP DIE AANSOEKER EN BELANGHEBBENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTYE NA ONTVANGS VAN KENNISGEWING VAN OMGEWINGSGOEDKEURING.**

| **BELANGHEBBENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTYE** |
|---|
| 1. Ontvang kennisgewing van Omgewingsgoedkeuring vanaf Applikant / Konsultant. |
| 2. Stel die relevante Appèl Owerheid in kennis van die bedoeling om te appelleer binne 20 dae vanaf die datum van die besluit. |
| 3. Die Appellant moet binne 10 dae na inhandiging van bedoeling om te appelleer, soos aangedui in 2 hierbo, die aansoeker voorsien met:<br>3.1. ‘n kopie van die kennisgewing van bedoeling om te appelleer; en<br>3.2. 'n kennisgewing wat aandui waar en vir watter tydperk die appelvoorlegging beskikbaar sal wees vir ondersoek deur die aansoeker. |
| 4. Die appèl moet aan die Appèl Owerheid voorgelê word binne 30 dae vanaf die verstryking van die 20 dae toegelate periode vir die inhandiging van die kennisgewing van bedoeling om te appelleer |
| 5. ‘n Aansoeker wat ‘n kennisgewing van Appèl ontvang mag ‘n responderende verklaring inhandig by die relevante Appèl Owerheid of gedelegeerde staatsorgaan binne 30 dae vanaf die datum wat die appèl ingehandig was by die Appèl Owerheid. |

**NOTAS:**

1. ‘n Appèl teen ‘n besluit moet ingehandig word by:
   a) Die Minister van Water en Omgewingsake indien die besluit uitgereik was deur die Direkteur-Generaal van die Departement van Omgewingsake (of ‘n ander beampte) wat dien in sy / haar kapasiteit as die gedelegeerde Bevoegde Owerheid;
   b) Die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling indien die aansoeker die Departement van Waterwese is en die besluit was uitgereik deur Direkteur-Generaal van die Departement van Omgewingsake (of ‘n ander beampte) wat dien in sy/ haar kapasiteit as die gedelegeerde Bevoegde Owerheid;
   c) Die LUR indien die besluit deur die Departementshoof (of ‘n ander beampte) wat dien in sy/ haar kapasiteit as die gedelegeerde Bevoegde Owerheid; of
   d) Die gedelegeerde staatsorgaan waar van toepassing.
2. ‘n Appèl ingedien by:
   a) Die Minister van Water en Omgewingsake moet ingedien word by die Departement van Omgewingsake;
   b) Die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling moet ingedien word by die Departement van Omgewingsake;
   c) Die LUR moet ingedien word by die provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake; of
   d) Die gedelegeerde staatsorgaan, waar van toepassing, moet ingedien word by die gedelegeerde staatsorgaan.
3. ‘n Appèl moet:
   a) op 'n amptelike vorm uitgegee deur, of verkrygbaar vanaf die relevant Appèl Owerheid; en
   b) vergesel wees van –
      i. 'n verklaring wat die gronde van appel verstrek;
      ii. stawende dokumentasie waarna verwys is in die appèl en wat nie in besit van die relevante Appèl Owerheid is nie;
      iii. 'n verklaring deur die appellant dat daar voldoen is aan regulasie 60(2) of (3) tesame met afskrifte van die kennisgewings waarna verwys word in daardie regulasie; en
      iv. die voorgestelde appelkoste, indien enige.
4. Kopie van die offisiële appelleer vorm kan verkry word vanaf:
   Mr. TH Zwane, Senior Legal Administrator (Appeals): Tel: 012 310 3929, TZwane@environment.gov.za